

GELOWIGES IN ALGERIË BEMOEDIG

SAT-7 ARABIES bemoedig Algeriese Christene wat onseker is of hulle kerke toegelaat gaan word om weer te heropen. Die Kabyle dialek program ondersteun en verseker die Christene van die onveranderlike liefde van God.

“Omdat gelowiges nie byeen kan kom en saam aanbid nie, kry nuwe Christene nie die ondersteuning wat hulle nodig het om geestelik te groei nie,” vertel Samia Kessai, SAT-7 se Algeriese programkoördineerder. “Baie van hulle het ook hulle werk verloor as gevolg van die pandemie. Dikwels is Christen televisie programme hulle enigste bron van ondersteuning en bemoediging.”

Alle kerke in Algerië is, net soos in die res van die wêreld, gesluit weens COVID-19. Maar, anders as in ander lande, is die kerke alreeds vir [baie langer gesluit](#), en Christene is onseker of kerke toegelaat gaan word om te heropen.

In 2019 is baie kerke in die land deur die owerheid gesluit. Lidmate van hierdie kerke – baie is nuwe gelowiges – word derhalwe die voorreg van byeenkomste en geestelike ondersteuning ontnem. In Augustus 2020 het die hof die versoek van een gemeente in Makouda, om die sluitingsbevel ter syde te stel, verwerp. Die vermoede bestaan dat dieselfde met die ander kerke sal gebeur.

Midde hierdie omstandighede bied SAT-7 ARABIES bemoediging aan gelowiges in die Kabyle program, *Rus in die Here*. “Die program se naam, *Rus in die Here*, is doelbewus gekies omdat ons almal gelowiges in Christus is en Hy ons en ons lewens verander,” verduidelik Samia. “Hy gee ons rus en belowe ons die ewige lewe. God is volkome in beheer, selfs wanneer dit voel of die lewe buite beheer is. God se wil is nie altyd verstaanbaar vir ons nie. Wat ons wel verstaan, is dat dit Sy wil is dat ons Hom lief het, Sy Woord ken en Hom aanbid.”

Bemoediging is spesifiek belangrik vir nuwe gelowiges in Algerië waar na raming minder as 0.5% van die bevolking Christene is. Nuwe gelowiges moet dikwels van familie en die tradisionele geloof en kulturele verwagtinge afstand doen ten einde ’n volgeling van Jesus te word. En dit beteken ondersteuning en bemoediging is noodsaaklik.

- Bid vir nuwe Algeriese gelowiges, dat *Rus in die Here* vir hulle tot hulp en ondersteuning sal wees.
- Bid dat die kerke wat gesluit is toegelaat sal word om weer te heropen wanneer omstandighede toelaat.



Gebedst Nuus



September 2020

Kabyle Christene in Algerië

MAAK
HOOP
SIGBAAR

SUID-AFRIKA KANTOOR:
Posbus 242
Carnarvon NC 8925
southafrica@sat7.org
+27(83)628 6488/+27(84)506 3399
Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede

Kopiereg © 2020 SAT-7
www.sat7sa.org
www.sat7.org
www.sat7uk.org

HOOP IN SIRIË

Hoewel Sirië steeds onder onstabiliteit en humanitêre krisis gebuk gaan, getuig die kindersentrum in Damaskus van hoop. SAT-7 KIDS programme en liedere word gebruik om die kinders wat konflik, dood en die trauma van ontworteling beleef het, te help op die pad na herstel.

“Waar is God? Waarom laat Hy toe dat hierdie dinge gebeur? Hoe kan ons hoop vir die toekoms hê?” Hierdie vrae is algemeen in die harte van miljoene mense wat deur die pandemie en gepaardgaande armoede geraak word. Maar in Sirië, ’n eens vooruitstrewende land wat in totale verwoesting afgebreek is, worstel mense al vir byna ’n dekade met hierdie vrae.

En tog, midde die donkerte van konflik en ontworteling, is wanhoop besig om in hoop te verander. In ’n kindersentrum in Damaskus, waar Christen onderwysers met ontwortelde gesinne werk, kry kinders en ouers hoop en beleef verandering.

“Een van die ouers het in die begin vol vrees na die sentrum gekom,” vertel Sarah, ’n onderwyseres by die sentrum. “Maar na twee maande het die ma gevra: ‘Wat leer julle my seun? Hy is vol vreugde – hy het baie verander! Ek wil ook soos my kind wees.’ Sy het hierdie vrae gevra omdat haar seun elke dag vol blydschap en hoop tuis kom.”

By die sentrum gebruik die onderwysers [SAT-7 KIDS programme](#). “Ons speel episodes of liedere oor ’n onderwerp, soos byvoorbeeld vergifnis, of vertrou in God, en dan bespreek ons die onderwerp met die kinders,” sê Sarah. Gedurende die pandemie werk die sentrum in kleiner groepies met die kinders, en individueel met ouers.

“Soms spandeer ons tyd met die ouers om hulle te help verstaan wat hulle kinders ervaar. Sommige ouers se reaksie is: ‘Ons ervaar vrede wanneer ons hier by jou sit.’ Baie ouers het alreeds Christen gelowiges geword nadat hulle die verandering in hulle kinders gesien het.”

- Bid asseblief vir die kinders en families in Sirië. Bid dat gelowiges God se liefde en versorging ervaar en getuig daarvan, ten spyte van haglike omstandighede.
- Dank God vir jongmense, soos Sarah, wat gekies het om in Sirië te bly en ’n verskil te maak.
- Vra God se seën op die spesiale programme wat SAT-7 aan sentrums en organisasies beskikbaar stel.



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asseblief vir die volgende kykers
terwyl jy hulle boodskappe lees

KYKER IN IRAN

“Ek het die Bybel reeds 14 keer gelees maar het steeds baie om te leer. Leer ons asseblief God se Woord in Iran. Ek bid dat God julle seën in julle werk.”

KYKER IN LIBANON

“My familie en nog agt ander familieleden het by ons ingetrek. Bid dat die kinders sal ophou om bang te wees en nagmerries te kry oor die ontploffing.”

KYKER IN TURKYE

“Wees saam met my bly dat Jesus my gehelp het om ’n 20 jaar lange dwelmprobleem te oorkom. Ek is nou skoon vir ses maande en het nou ’n nuwe lewe van lofprijsing vir Hom.”

KYKER IN AFGHANISTAN

“Ek het tot die oortuiging gekom dat Jesus Christus die ware weg is en vir my aan die kruis gesterf het.”

SAT-7 se Beiroet ateljee het geringe skade van die onlangse ontploffing. Meeste personeellede het beskadigde huise en vriende wat beseer of dood is. Vra God se bemoediging en voorsiening vir die personeellede en vryskutwerkers.

CHRISTUS IN DIE HOFSAAL

Somayah*, ’n Iranese Christen, is tydens die Pinksterfeesvierings in hegtenis geneem en tronk toe gestuur. Maar, dwarsdeur die beproewing was Jesus by haar ...

Ek het in ’n droom die einde van die wêreld gesien – alles was vernietig. Toe sien ek ’n man na my toe kom, maar ek het nie geweet hy was Jesus nie. Hy het na my toe gekom, my hand geneem en vir my gesê: “Somayah, moenie hartseer wees nie, want Ek het jou lief. Ek is Jesus. Moenie bekommerd wees nie want Ek is hier, neem net My hand.”

Toe ek wakker word, het ek reguit na my vriendin se huis gegaan. Ek het nie aan haar verduidelik wat met my gebeur het nie; ek het gedink sy sal my nie glo nie. Ek het net gesê ek wil ’n Christen word.

Daarna het ons SAT-7 programme begin volg en ’n klein huiskerkgroepie begin. Terwyl ons tydens Pinkster saam aanbid en gesing het, het die polisie skielik die deur oopgebreek, met kameras ingekom en ons in hegtenis geneem. Hulle het ons hof toe gevat maar nie toegelaat om iets te sê nie. Hulle het ons terroriste genoem en beledig. Toe sit hulle ons in die tronk saam met kriminele wat reeds die doodstraf opgelê is.

Ons kon nie prokureurs bekostig nie en het besluit om onself te verdedig. Maar die dag van die verhoor was verstommend! Die regter het vir ons gesê: “Julle hoort nie hier nie, julle is nie skuldig nie.” Hy het ons nie aangekla nie, en ons is vrygelaat.

My suster het gehuil want sy het Christus agter die regter sien staan.

Ons het besluit om Iran te verlaat en het Turkye toe gekom. Ons hoop is in Jesus. God het ons baie keer in Iran en ook hier in Turkye bewaar. Ons vertrou is in Hom.

Dan sal die jong meisies dans van blydschap saam met die jong mans en die ou mans. Ek sal hulle droefheid in vreugde verander, Ek sal vir hulle uitkoms gee: Ek sal hulle bly maak, hulle sal geen kommer meer hê nie.

Jeremia 31:13

Jy kan betrokke raak en meewerk om programme vir nuwe gelowiges soos Somayah beskikbaar te stel.

**Naam verander vir sekuriteitsredes*



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asseblief vir die volgende kykers
terwyl jy hulle boodskappe lees

KYKER IN ALGERIË

“Danksy julle het ek geleer dat die Christelike geloof nie ’n godsdienst is nie, maar ’n verhouding met Christus. Ek het die ware lewe ontdek.”

KYKER IN IRAN

“Bid vir vervolgte gelowiges wat in aanhouding is ter wille van hulle geloof. Bid vir krag, moed, regverdigheid en effektiewe getuienis vir elkeen van hulle.”

KINDERKYKER IN EGIPTES

“Vra die Here om die kinders in Libanon wat seergekry het, gesond te maak. Bid vir huise vir hulle wat nou nie meer ’n huis het nie.”

KYKER IN JORDANIË

“My man en twee familieleden is dood weens die koronavirus. Nou het my seun en ek dit ook. Vra God om ons te genees en ’n end aan die pandemie te maak.”

Bid God se genesing en vertroosting vir almal in Libanon wat die virus pandemie, die ontploffing, vlugtelingkrisis, gepaardgaande emosionele pyn, en ekonomiese uitdagings moet hanteer. Duisende kinders het die ontploffing beleef. Bid vir hulle genesing en fisiese voorsiening.